Northam Plaza's Festivities

Northam let its hair down last week Thursday, 21 April 2011, for the celebratory official opening of phase II of the Northam Plaza, aka "Shoprite Centre".

This well attended event saw visitors and shoppers from all-over-everywhere – even the local traffic department had to step in and direct eager shoppers who were stuck in a traffic jam. For the first time EVER, Northam Plaza did not have enough parking space – and there's a lot of space! Despite prospective consumers having for the first time ever to look for alternative parking, the overall vibe of the day was very festive and celebratory.

Mrs Corlia Du Plessis, the plaza manager, commented: "Numerous businesses exceeded their targets by up to 200% – which is much more than they expected!"

All things considered, the day was a huge success with 22 new shops opening their doors, pushing the grand total of shops in the Northam Plaza to over 50.

You cannot miss the splendid opportunity to make a turn yourself!

Rustenburg – Hierdie leerders van Laerskool Meiringspark (Klerksdorp) het op Vrydag, die 15de April 2011, te Rustenburg aan die ATKV Redenaars deelgeneem en Leonard Cornelius gaan deur na die volgende rondte.
Agter vlnr: Amelia van Heerden en Karli van Blommestein. **Middel vlnr:** Reinhardt Japp, Shani Smith en Leonard Cornelius. **Voor vlnr:** Lindy van Wyk en Hildane Nel

Rustenburg – Grant Connellan, from Fields College, received the Senior Victor Ludorum Trophy at Inter High for swimming that he shares with Hennie Matthews.
Well done guys

Super 15 UPDATE

Sharks vs Hurricanes

Die 'af naweek' van die Sharks het hulle gehelp om weer lekker uit te rus en die seer en stywe lywe weer heel te maak, maar aan die anderkant was daar n tikkie verroestheid wat duidelik in die eerste helfte bespeur kon word.

Die telling op 13-13 het 'n paar bekommerde gesigte in die pawiljoene gehad en John Plumtree het ook seker maar hard gepraat tydens rustyd in die kleedkamers. Maar toe baljaar die Sharks in die tweede helfte! Puik Rugby is opgedis en 4 drieë word in die proses gedruk.

John Smith het sy kritici se monde gesnoer met goeie spel en word ook beloon met 'n puik drie in die eerste helfte. As hy nou kan voortbou met die vertoning kan Pieter de Villiers meer gerus slaap!

Patrick Lambie het ook 'n welkome terugkeer gemaak na sy afwesigheid van drie weke weens 'n vinger besering. Hy maak darem 'n duidelike verskil in die spelpatroon van die Sharks. Ongelukkig het hy sy skopskoene op pad Stadium toe verloor want sy skopwerk pale was nie op standaard nie – 13 punte is weggegooi!

Die Sharks wen met 40-24 en verdien 5 bonuspunte en skuif daarmee op na die 6de plek op die Punteleër

In die volgende rondte speel die Sharks teen die Stormers op Nuweland en wat 'n riller gaan dit nie wees nie! Van die ysters wat beseer was in die Haaie se kamp is terug en sal op die bank wees. Baie afrigters in die kompetisie sal darem lekker slaap as jy spelers soos Bismarck du Plessis, Jean Deysel en Allister Hargreaves kan opstuur gedurende die wedstryd!

Jean de Villiers en Bryan Habana is vir die Stormers terug in hulle beginspan.

Bulls vs Western Force

In die laaste wedstryd van die Bulle se toer in Australië teen die Western Force is daar algemeen aanvaar dat hulle die een sou wen, want die Force speel nou nie juis die wêreld aan die brand nie.

Aan die anderkant het die Bulls nog nooit hulle laaste wedstryd op 'n oorsese toer gewen nie. Die Bulle verloor die wedstryd 26-21 en verdien darem 'n bonuspunt. Maar helaas, hulle treurmare duur voort. Die Bulle speel weer power en soveel verspeelde kanse en patetiese opsies verander in 'n nagmerrie.

Die Bulle bevind hulle nou in 'n uiters moeilike posisie en nugter alleen weet watter haas uit die hoed gepluk gaan word deur Frans Ludeke en kie. Wat onrusbarend is , is die feit dat dit basies die hele span wat die Super 14 gewen het, tans speel. Hulle sal baie diep moet gaan delf om weer enigsins die soort spel op te dis wat van hulle 'n kampioenspan gemaak het.

Die Bulle speel Saterdag op Loftus teen die Chiefs... ons hoop die Blou vlae sal geswaai word!

Cheetahs vs Brumbies

Die Vrystaat Cheetahs speel die Vrydagaand teen die Brumbies in Bloemfontein. Die Cheetahs het teruggekeer na 'n toer met gemengde welslae. Volgende jaar word die span van die Brumbies afgerig deur die voormalige Bok afrigter – Jake White!

Lions vs Chiefs

John Mitchell het gelukkig nie hare nie, want hy sou dit beslis kwyt gewees het na nog 'n bonus punt verloor is.

Die span beskik oor soveel talent maar ervaring skiet te kort. Die span bly nie gefokus nie en kan nie vir 80 minute konsentreer nie – gebrek aan ervaring. John Mitchell het vroeër die week laat blyk dat die tjekboek sal moet werk om meer stabiliteit te verleen vir die span.

Die Lions verloor 34-30 en het 'n welverdiende ruskans hierdie naweek.

Reds vs Waratahs

In seker die mees fisieke, harde inklimspel deur beide hierdie spanne, soos nog nie vanjaar in die kompetisie gesien nie. Hierdie twee aartsvyande van Australië het mekaar behoorlik opgedons en die bloed het gevloei!

Dit was 'n wedstryd wat die Waratahs net so maklik kon gewen het... Phil Waugh se besluit om nie pale toe te gegaan het nie na 'n string strafskoppe, het hulle heel waarskynlik 'n oorwinning gekos.

Die Reds behaal 'n rekord sewe agtereenvolgende oorwinnings en is op hierdie stadium van die geveg een van die gunstelinge vir vanjaar se kompetisie.

Die Reds wen met 19-15 en beklee tans die nommer een posisie in die kompetisie met 39 punte.

Crusaders vs Highlanders

Die een wedstryd die naweek wat vir 'n groot verrassing gesorg het is die Highlanders wat die Crusaders geklop het met 26-18.

Dit was weliswaar 'n Crusaders span sonder Dan Carter, Richie McCaw en Ruben Thorne, maar die Highlanders het verdien om te wen. Die Sharks en die Stormers het egter die wen verwelkom…

Komende naweek speel die Highlanders en die Blues. Dit gaan ook n klipharde Nieu- Zeelandse derby wees want die Blues speel tans puik rugby en is tans tweede op die punteleër met die Highlanders 5de.